## Stap-vir-stap-gids vir graduandi:

# Op die dag van jou grade-plegtigheid

### 1 Gaan haal jou akademiese drag vir die plegtigheid:

- Dippenaar & Reinecke is vanaf **Vrydag 5 Desember tot Vrydag 12 Desember** by die atletiek-verversingskiosk (langs die Coetzenburg Atletiekstadion) beskikbaar.
- Klik **hier** vir meer inligting.

### 2 Graduandus- en gastekaartjies:

- Maak seker dat jy kaartjies vir **jou en jou gaste het:**
- Indien jy nie jou kaartjies via jou amptelike US-e-pos ontvang het nie, moet jy dit asseblief by die inligtingskiosk by die Coetzenburg-sentrum gaan afhaal.
- Klik **hier** vir meer inligting.

### 3 Aankomstyd:

- Die Coetzenburg Sentrum se deure open **een uur** voor die aanvang van die plegtigheid.
- Ons versoek dat jy en jou gaste asseblief op die laatste **30 minute** voor die plegtigheid julle sitplekke sal inneem.

### 4 Sitplekke:

- Ons het plekaanwysers wat julle sal wys waar julle sitplekke is.
- Die toegangskaartjies wys die sitpleknommer wat aan elkeen toegewys is, en jou aankondigingskaart sal op jou aangewese sitplek lê.

### 5 Hoe om jou gradeband te dra en na die verhoog te stap:

- Klik **hier** vir die stap-vir-stap-gids.

### 6 Fotografiese dienste:

- Ons amptelike fotograwe, die Stellenbosch Sentrum vir Fotografiese Dienste, sal by die gradeplegtighede foto's neem.
- Klik **hier** vir meer inligting oor fotografie.

### 7 Gradueringsdokumente:

- As daar enige teenstrydigheid op jou gradueringsdokumente is, stuur asseblief 'n e-pos na **records@sun.ac.za**.
- Klik hier vir meer inligting oor die koerier en selfafhaalproses.

### 8 Amptelik 'n US-gegradueerde:

- Vier jou prestasie na afloop van die plegtigheid saam met ons by die alumniklubhuis **(Die Stal)**.

Klik **hier** vir meer inligting oor gradeplegtighede.

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

